Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BESIGHEIDSTUDIES V1

2021

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 25 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

NOTAS AAN NASIENERS

INLEIDING

Die notas aan nasieners word voorsien vir gehalteversekeringsdoeleindes om die volgende te verseker:

(a) Regverdigheid, konsekwentheid en betroubaarheid in die standaard van nasien
(b) Fasiliteer die moderering van kandidate se skrifte op verskillende vlakke
(c) Vereenvoudig die nasienproses met inagneming van die breë spektrum nasieners oor die hele land
(d) Implementeer toepaslike maatreëls in die onderrig, leer en assessering van die vak by skole/onderwysinstellings

1. Vir nasien- en modereringsdoeleindes word die volgende kleure aanbeveel:

Nasiener:	Rooi
Senior Nasiener:	Groen
Adjunkhoofnasiener:	Bruin/Swart
Hoofnasiener:	Pienk
Interne moderator:	Oranje
DBE-moderator:	Turkoois

2. Kandidate se antwoorde vir AFDELING B en C moet in volsinne wees. Dit sal egter van die aard van die vraag afhang.

3. Omvattende nasienriglyn word voorsien, maar dit is geensins volledig nie. Behoorlike oorweging moet gegee word aan 'n antwoord wat korrek is, maar:

   - 'n Ander uitdrukking gebruik as wat in die nasienriglyn gegee word
   - Uit 'n ander betroubare bron kom
   - Oorspronklik is
   - 'n Ander benadering gebruik

   LET WEL: Daar is slegs EEN korrekte antwoord in AFDELING A.

4. Neem kennis van ander verwante antwoorde deur kandidate verskaf, wat verband hou met 'n spesifieke vraag en ken punte dienooreenkomstig toe. (In die geval waar die antwoord onduidelik is of 'n mate van begrip aandui, moet deelpunte toegeken word, byvoorbeeld een punt in plaas van die maksimum van twee punte.)

5. Die woord 'Submaks' word gebruik om die toekenning van punte binne 'n vraag of subvraag te vergemaklik.

6. Die doel daarvan om punte aan die regterkant te omkring (gelei deur 'maks' in die uiteensetting van die punte) is om konsekwentheid en akkuraatheid te verseker met die nasien van die skrifte en modereringsproses.

7. Subtotale van vrae moet in die regterkantlyn geskryf word. Omkring die subtotale, soos aangedui by die toekenning van punte. Dit moet deur 'maks' in die nasienriglyn van punte gelei word. Slegs die totaal vir elke antwoord moet in die linkerkantlyn langs die toepaslike vraagnommer verskyn.

8. In 'n indirekte vraag moet die teorie en die antwoorde relevant en met die vraag verband hou.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

9. Korrekte nommering van antwoorde van vrae of subvrae in AFDELING A en B word sterk aanbeveel. Indien die nommering verkeerd is, volg die volgorde van die kandidaat se antwoorde. Kandidate sal gepenaliseer word, indien laasgenoemde nie duidelik is nie.

10. Geen addisionele krediet moet vir die herhaling van feite gegee word nie. Dui aan met 'n 'H' of 'R'.

11. Die verskil tussen 'evalueer' en 'kritiese evaluering' kan soos volg verduidelik word:

    11.1 Wanneer 'evalueer' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem, bv. **Positief**: 'COIDA verminder tyd en koste wat spandeer word √ op lang siviele hofgedinge. √

    11.2 Wanneer 'kritiese evaluering' gevra word, word daar van kandidate verwag om te antwoord op óf 'n positiewe/negatiewe manier óf om 'n neutrale (positiewe en negatiewe) standpunt in te neem. In hierdie geval word van kandidate ook verder verwag om hulle antwoorde te ondersteun met dieper insig, bv. 'COIDA verminder tyd en koste√ wat spandeer word op lang siviele hofgedinge√, want die werkgewer sal nie verantwoordelik wees om vergoeding aan die werknemer te betaal as beserings opgedoen is tydens werksure nie, solank as wat die besigheid kan bewys dat hy nie agterlosig was nie. '√

    LET WEL:
    1. Bogenoemde kan ook van toepassing wees op 'analiseer'.
    2. Let op die plasing van die merkie (√) in die toekenning van punte.

12. Die toekenning van punte moet gelei word deur die aard van die vraag, kognitiewe werkwoord wat gebruik is, puntetoekenning in die nasienriglyn en die konteks van elke vraag.

    Kognitiewe werkwoorde, *soos*:

    12.1 Adviseer, noem, beskryf in breë trekke, motiveer, aanbeveel, stel voor, *(lys nie volledig nie)* vereis gewoonlik nie veel diepte in kandidate se antwoorde nie. Die uiteensetting van punte vir elke stelling/antwoord sal dus aan die einde daarvan verskyn.

    12.2 Definieer, beskryf, verduidelik, bespreek, brei uit, onderskei/ toon verskille, differensieer, vergelyk, tabuleer, ontwerp, analiseer, evalueer, evalueer krities (*lys nie volledig nie*) vereis meer diepgaande begrip, toepassing en beredenering. Die punte moet dus meer objektief toegeken word om te verseker dat assessering volgens die vasgestelde norme geskied, sodat eenvormigheid, konsekwentheid en regverdigheid behaal kan word.

13. Sien slegs die EERSTE antwoord na waar kandidate meer as een antwoord in AFDELING B en C gee waar slegs een antwoord gevra word.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

14. **AFDELING B**

14.1 Indien, byvoorbeeld, VYF feite vereis word, sien die kandidaat se EERSTE VYF antwoorde na en ignoreer die res van die antwoorde. Dui dit aan deur 'n lyn deur die nie-nagesiende gedeelte te trek.

LET WEL:
1. Dit is slegs van toepassing waar die getal feite gespesifiseer word.
2. Bogenoemde is ook van toepassing op antwoorde in AFDELING C. (waar van toepassing)

14.2 Indien twee feite in een sin geskryf word, gee VOLLE krediet aan die kandidaat. Punt 14.1 geld steeds.

14.3 Indien daar van kandidate verwag word om hulle eie voorbeelde/menings te gee, beredeneer dit by die nasiensentrum ten einde die alternatiewe antwoorde te finaliseer en stel die Interne Moderator by 'DBE' in kennis.

14.4 **Gebruik van kognitiewe werkwoorde en toekenning van punte:**

14.4.1 Waar die getal feite gespesifiseer word, vrae wat vereis dat kandidate moet 'beskryf/bespreek/verduidelik', kan dit soos volg nagesien word:

- Feit 2 punte (of soos aangedui in die nasienriglyn)
- Verduideliking 1 punt (twee punte sal in Afdeling C toegeken word)

Die 'feit' en 'verduideliking' word apart in die nasienriglyn gegee om die toekenning van punte te vergemaklik.

14.4.2 Indien die getal feite nie gespesifiseer word nie, moet puntetoekenning gelei word deur die aard van die vraag en die maksimum punte in die nasienriglyn toegeken.

14.5 **EEN punt kan toegeken word vir antwoorde wat maklik is om te herroep, wat een woord as antwoord vereis of wat direk aangehaal word uit 'n scenario/gevallestudie. Dit is spesifiek van toepassing op AFDELINGS B EN C (waar van toepassing).**

15. **AFDELING C**

15.1 Die punte-uiteensetting vir die opsteltipe vrae is soos volg:

Inleiding	**Maksimum: 32**
Inhoud	
Gevolgtrekking	
Insig	**8**
TOTAAL	**40**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

15.2 Insig bestaan uit die volgende komponente:

Struktuur/Uitleg	Is daar 'n inleiding, paragrawe en 'n gevolgtrekking?	**2**
Sintese	Is die kandidaat in staat om die vraag in opskrifte/sub-opskrifte te ontleed/korrek te interpreteer sodat begrip van wat gevra word, getoon word? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Alle opskrifte aangespreek: 1 (Een 'A') Interpretasie (16 tot 32 punte): 1 (Een 'A')	**2**
Sintese	Is daar relevante besluite/feite/antwoorde gemaak wat op die vrae gebaseer is? Punte toegeken volgens die gids hieronder: Opsie 1: **Slegs relevante feite: 2 punte (Geen '-S')** Waar 'n kandidaat 50% of meer (twee tot vier subvrae) van die vraag met slegs relevante feite beantwoord het, verskyn geen '-S' in die linkerkantlyn nie. Ken die maksimum van TWEE (2) punte vir sintese toe. Opsie 2: **'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S')** Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een subvraag) van die vraag met slegs OF 'n paar relevante feite beantwoord het, verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 3: **'n Paar relevante feite: 1 punt (Een '-S')** Waar ‘n kandidate VIER subvrae, waarvan een subvraag van die vraag met geen relevante feite beantwoord het; verskyn een '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n maksimum van EEN (1) punt vir sintese toe. Opsie 4: **Geen relevante feite: 0 punte (Twee '-S')** Waar 'n kandidaat minder as 50% (slegs een sub-onderwerp) van die vraag met geen relevante feite beantwoord het nie, verskyn twee '-S' in die linkerkantlyn. Ken 'n NULPUNT toe vir sintese.	**2**
Oorspronklikheid	Is daar bewyse van voorbeelde gebaseer op aktuele inligting, huidige neigings en ontwikkelings?	**2**
	TOTAAL VIR INSIG:	**8**
	TOTALE PUNTE VIR FEITE:	**32**
	TOTALE PUNTE VIR OPSTEL (8 + 32):	**40**

LET WEL:

1. **Geen punte sal toegeken word vir inhoud wat herhaal word uit die inleiding en gevolgtrekking nie.**
2. **Die kandidaat verbeur punte vir uitleg indien die woorde INLEIDING en GEVOLGTREKKING nie voorkom nie.**
3. **Geen punte sal toegeken word vir uitleg as die opskrifte INLEIDING en GEVOLGTREKKING/SLOT nie deur 'n verduideliking ondersteun word nie.**

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

15.3 Dui insig in die linkerkantlyn aan met 'n simbool, bv. ('S, A, -S en/of O').

15.4 Die komponente van insig word aan die einde van die voorgestelde antwoord/ nasienriglyn vir elke vraag aangedui.

15.5 Sien alle relevante feite na totdat die SUBMAKS/MAKS punte vir elke onder-afdeling behaal is. Skryf 'SUBMAKS'/'MAKS' nadat maksimum punte behaal is, maar lees verder vir oorspronklikheid 'O'.

15.6 Aan die einde van elke opstel, dui die toekenning van punte vir feite en punte vir insig soos volg aan: (S – Struktuur, A – Ontleding, S – Sintese, O – Oorspronklikheid) soos in die tabel hieronder aangedui.

INHOUD	PUNTE
Feite	**32 (maks.)**
S	**2**
A	**2**
S	**2**
O	**2**
TOTAAL	**40**

15.7 Wanneer punte vir feite toegeken word, neem kennis van die submaksimum wat aangedui word, veral as kandidate nie dieselfde subopskrifte gebruik nie. Onthou opskrifte en subopskrifte word aangemoedig en dra by tot insig (struktuur/logiese vloei/volgorde) en dui duidelikheid van denke aan.
(Sien PUNTE-UITEENSETTING aan die einde van elke vraag.)

15.8 Indien die kandidaat die vraag VERKEERD identifiseer/vertolk, kry hy/sy steeds punte vir uitleg/struktuur.

15.9 Indien 'n ander benadering deur kandidate gebruik word, maak seker dat antwoorde geassesseer word in ooreenstemming met die puntetoekenning/ subopskrifte soos aangedui in die nasienriglyne.

15.10 15.10.1 Ken TWEE punte toe vir volledige sinne. Ken EEN punt toe vir frases/sinsdele, onvoltooide sinne en vae antwoorde.

15.10.2 Met ingang November 2015, sal die TWEE punte nie noodwendig aan die einde van elke voltooide sin getoon word nie. Punte (√) sal geskei wees en langs elke feit aangedui word, bv. 'Produkontwikkeling is 'n groeistrategie √, waar ondernemings poog om nuwe produkte in bestaande markte bekend te stel.'√

Dit sal deur die aard en konteks van die vraag, sowel as die kognitiewe werkwoord wat gebruik is, gelei word.

15.11 Met ingang November 2017, sal die maksimum van TWEE (2) punte vir feite in die nasienriglyne as opskrifte getoon, nie noodwendig vir elke vraag geld nie. Dit sal deur die aard van die vraag bepaal word.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 B√√
1.1.2 C√√
1.1.3 A√√
1.1.4 C√√
1.1.5 D√√

(5 x 2) **(10)**

1.2 1.2.1 geleentheid √√
1.2.2 'n mate van beheer √√
1.2.3 leerlingskap √√
1.2.4 roofwerwing √√
1.2.5 prestasie√√

(5 x 2) **(10)**

1.3 1.3.1 F√√
1.3.2 H√√
1.3.3 I√√
1.3.4 G√√
1.3.5 J√√

(5 x 2) **(10)**

TOTAAL AFDELING A: 30

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 1	PUNTE
1.1	10
1.2	10
1.3	10
TOTAAL	30

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B

Sien slegs die eerste TWEE (2) vrae na.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 **Verlofbepalings soos gestipuleer in die WBDV**
- Jaarlikse verlof√
- Siekverlof√
- Kraamverlof√
- Ouerskapverlof√
- Gesinsverantwoordelikheidsverlof √

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na. **(2 x 1) (2)**

2.2 **Regte van die werknemers in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge/WAV**
- Werknemers kan aan 'n vakbond van hul keuse aansluit.√√
- Mag wettiglik staak as 'n teenmiddel vir griewe.√√
- Kan onopgeloste werkplekdispute na die KVBA verwys.√√
- Verwys onopgeloste KVBA-dispute na die Arbeidshof op appél.√√
- Versoek vakbondverteenwoordigers om bystand te verleen/werknemers te verteenwoordig in griewe-/dissiplinêre verhore.√√
- Vakbondverteenwoordigers kan 'n redelike tyd by die werk afkry, teen betaling, om aan vakbondpligte aandag te gee.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die regte van werknemers in term van die WAV.

Maks (6)

2.3 **PESTWO-elemente vanuit stellings**
2.3.1 Tegnologies√√
2.3.2 Omgewing√√
2.3.3 Ekonomies√√

(6)

2.4 **Doel van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBS)**
- Voorsien omvattende beskerming aan werknemers wat beseer word/siekte opdoen√ in die uitvoering van hul pligte.√
- COIDA is van toepassing op alle tydelike/voltydse werknemers wat siek/beseer/gestremd/sterf√ as gevolg van 'n werkplekongeluk/-siekte.√
- Dit sluit werknemers uit wat skuldig is aan opsetlike nalatigheid/werknemers wat buite Suid-Afrika√ vir minstens twaalf maande werk/lede van die SA Weermag/Polisiediens.√
- Dit voorsien vir die daarstelling van 'n Vergoedingsraad√ wie se funksie dit is om die Minister van Arbeid raad te gee oor die toepassing/voorskrifte van WVBS.√
- Mediese uitgawes/Ander soorte vergoeding word aan werknemers en/of hul afhanklikes betaal,√ afhangende van die soort/erns van die beserings.√
- Werkgewers moet 'n maandeliks betaling aan die Vergoedingsfonds maak √ volgens die aantal werknemers/die vlak van risiko waaraan hulle blootgestel is.√
- Voorsien vergoeding vir werknemers/families vir beserings of afsterwe√ wat plaasgevind het ter uitvoering van hul pligte.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die doel van WVBS.

Maks (6)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

2.5 **Nasionale Kredietwet**

2.5.1 **Strafmaatreëls vir nienakoming met die NKW vanuit die scenario**

- Die Nasionale Kredietreguleerder (NKR) het Geld Bank beboet vir die roekelose toestaan van krediet.√
- GB het opdrag ontvang om al die koste te dra met betrekking tot die verwydering van name van kliënte wat by die kredietburo op die swartlys geplaas is.

LET WEL: **1. Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. Ken slegs punte toe vir antwoorde uit die scenario aangehaal.

(2 x 1) (2)

2.5.2 **Positiewe impak van Nasionale Kredeitwet/NKW op besighede**

- Die hele kredietproses is deursigtig√ bv. beide die besigheid en kliënte ken hulle verantwoordelikhede.√
- Laer oninbare skuld√ het beter kontantvloei tot gevolg.√
- Besighede word beskerm√ teen kliënte wat nie betaal nie.√
- Vehoog kontantverkope√ aangesien besighede slegs krediet verskaf aan kliënte wat kwalifiseer/meer kliënte koop met kontant.√
- Roei roekelose lenings uit√ en beskerm besighede teen bankrotskap. √
- Inligting vanaf die kredietburo's word aan besighede beskikbaar gestel√ om sodoende die kredietwaardigheid van kliente te kan bepaal alvorens krediet toegestaan word. √
- Besighede doen deeglike kredietkontroles√ en ontvang op datum dokumentasie van die verbruiker as bewys dat hulle die terugbetaling kan bekostig.√
- Lei tot meer kliënte deur kredietverkope√ aangesien hulle nou beskerm word teen misbruik.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van die NKW op besighede.

LET WEL: Geen punte word vir negatiewe antwoorde toegeken nie.

Maks (6)

2.6 **Soorte defensiewe strategieë**

Ontbondeling/Disinvestering/Vervreemding √√

- Raak ontslae van/Verkoop sommige bates/afdelings/departemente wat nie meer winsgewend/produktief is nie.√
- Verkoop afdelings/produklyne wat stadige groeipotensiaal toon.√
- Vermindering van die aantal aandeelhouers, deur eienaarskap te verkoop.√
- Onproduktiewe/Nie-winsgewende bates word verkoop om skulde af te betaal.√
- Hulle beleggingsaandeel in 'n ander besigheid te ontrek (disinvestering).√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met ontbondeling/ disinvestering/vervreemding as 'n defensiewe strategie.

Strategie (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

Likwidasie√√

- Alle bates word verkoop om krediteure te betaal weens 'n gebrek aan kapitaal.√
- Verkoop die hele besigheid om sodoende 'n billike prys aan aandeelhouers vir hul aandele te betaal.√
- Krediteure word toegelaat om vir gedwonge likwidasie aansoek te doen om sodoende hul eise te vereffen/af te betaal. √

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Besighede in finansiële nood kan vir sakeredding aansoek doen om sodoende likwidasie te vermy. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met likwidasie as 'n defensiewe strategie.

Strategie (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

Aflegging√√
- Beëindiging van indiensnemingskontrakte van werknemers vir bedryfs-/ operasionele redes.√
- Vermindering van die aantal produklyne/Sluiting van sekere afdelings kan daartoe lei dat sommige werkers oortollig/oorbodig raak.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met aflegging as 'n defensiewe strategie.

Strategie (2)
Bespreking (1)
Submaks (3)

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

Maks (6)

2.7 **Maniere waarop besighede aan die Wet op Verbruikersbeskerming/WVB kan voldoen**
- Bekendmaking van alle pryse van produkte wat op uitverkoping is.√√
- Voorsien voldoende opleiding aan personeel oor die WVB.√√
- Alle ooreenkomste moet voorsiening maak vir 'n afkoelperiode van vyf dae.√√
- Verseker dat goedere/dienste aangebied gestandaardiseerd/van dieselfde gehalte is.√√
- Voldoen aan die vereistes rakende promosiekompetisies.√√
- Voldoen aan vereistes rakende die vertoon van inligting op etikette / verpakking.√√
- Vertoon die naam van die besigheid op alle besigheidsdokumente, bv. fakture/kontrakte.√√
- Saamgroepering van goedere/dienste moet verbruikers bevoordee/, bv. bied 'n selfoon en 'n tablet teen 'n spesiale prys.√√
- Implementeer maatreëls wat klagtes sal fasiliteer, bv. voorstelle-houers.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede aan die WVB kan voldoen.

Maks (6)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 2	PUNTE
2.1	2
2.2	6
2.3	6
2.4	6
2.5.1	2
2.5.2	6
2.6	6
2.7	6
TOTAAL	40

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 **Aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word**

- Persoonlike besonderhede van die werknemer.√
- Besonderhede van die besigheid/werkgewer, bv. naam/adres, ens.√
- Postitel/Posisie.√
- Posbeskrywing bv. pligte/werksvoorwaardes.√
- Posspesifikasie bv. formele kwalifikasies/bereidwilligheid om te reis.√
- Datum van indiensneming/Aanvangsdatum van diens.√
- Plek waar werknemer die meeste van sy/haar werkstyd sal deur bring.√
- Werksure, bv. gewone tyd/oortyd.√
- Vergoeding, bv. weekliks of maandelikse betaling.√
- Voordele/Byvoordele/Toelaes.√
- Verlof, bv. siek-/kraam-/jaarlikse/aannemingsverlof.√
- Werknemer aftrekkings (verpligtend/nie-verpligtend).√
- Termyn van die kontrak/Besonderhede van beëindiging.√
- Proeftydperk.√
- Handtekeninge van beide die werkgewer en werknemer.√
- Lys van dokumente wat deel van die kontrak vorm, bv. aanstellingsbrief/ gedragskode/etiek.√
- Dissiplinêre beleid, bv. reëls en dissiplinêre prosedures vir onaanvaarbare gedrag.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met aspekte wat by 'n indiensnemingskontrak ingesluit moet word.

LET WEL: Sien slegs die eerste VIER (4) na.

(4 x 1) (4)

3.2 **Voordele van induksie vir besighede**

- Laat nuwe werknemers toe om vinniger in te skakel en doeltreffend te werk.√√
- Verseker dat nuwe werknemers reëls/beperkinge in die besigheid verstaan.√√
- Nuwe werkernemers kan verhoudinge met mede-werknemers op verskillende vlakke vestig.√√
- Laat nuwe werkernemers meer op hul gemak in die werkplek voel, wat angs/ onsekerheid/vrees verminder.√√
- Resultate verkry tydens die induksieproses, bied ‘n basis vir gefokusde opleiding.√√
- Verhoog die gehalte van prestasie/produktiwiteit.√√
- Verminder/Beperk die behoefte vir deurlopende opleiding en ontwikkeling.√√
- Werknemers sal vertroud wees met die organisasiestrukture, bv. wie is hul toesighouers/ laevlakbestuurders.√√
- Geleenthede word vir nuwe werkernemers geskep om die verskillende departemente te ondersoek/ervaar.√√
- Nuwe werknemers sal hul rol/verantwoordelikhede rondom veiligheidsregulasies en -reëls beter verstaan.√√
- Nuwe werknemers sal die uitleg van die geboue/fabriek/kantore leer ken/weet waar alles is, wat produksietyd kan spaar.√√
- Nuwe werknemers leer meer oor die besigheid, sodat hulle hul rolle/verantwoordelikhede beter verstaan ten einde meer doeltreffend te kan wees.√√
- Maatskappybeleid, ten opsigte van gedrag en prosedures/veiligheid en sekuriteit/indiensnemingskontrak/diensvoorwaardes/werksure/verlof word gekommunikeer/oorgedra.√√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Realistiese verwagting vir nuwe werknemers sowel as vir die besigheid word geskep.√√
- Nuwe werknemers voel moontlik deel van die span voel wat lei tot 'n positiewe moraal/motivering.√√
- Werknemers kan 'n beter begrip kry van besigheidsbeleid ten opsigte van etiese/professionele optrede/prosedures/KMV. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van induksie vir besighede.

Maks (6)

3.3 **Werwing**

3.3.1 **Komponente van 'n posontleding vanuit die scenario**

KOMPONENTE VAN 'n POSONTLEDING	MOTIVERINGS
1. Posspesifikasie √√	Die advertensie het genoem dat die voornemende kandidaat 'n relevante formele kwalifikasie moet hê.√
2. Posbeskrywing √√	Die boekhouer moet in staat wees om finansiële state te kan opstel.√
Submaks (4)	Submaks (2)

LET WEL:
1. **Ken punte toe vir die komponente van 'n posontleding selfs al is die aanhaling onvolledig.**
2. **Geen punte moet toegeken word vir die motiverings indien die komponente van 'n posontleding verkeerd geïdentifiseer was nie.**

Maks (6)

3.3.2 **Voordele van eksterne werwing vir besighede**

- Nuwe kandidate bring√ nuwe talente/idees/ervarings/vaardighede na die besigheid.√
- Dit kan 'n besigheid help om regstellende aksie√ en BBSEB-teikens te bereik.√
- Daar is 'n groter groep van kandidate√ om van te kies.√
- Daar is 'n beter kans om 'n geskikte kandidaat te vind met die verlangde vaardighede/kwalifikasies/kundigheid√ wat nie veel opleiding/ontwikkeling nodig het nie wat koste verminder.√
- Voorkom ongelukkigheid/konflik tussen huidige werknemers√ wat moontlik ook vir die pos aansoek gedoen het.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van eksterne werwing vir besighede.

Maks (4)

3.4 **Betekenis van gehaltebestuur**

- Die proses van die bestuur van alle aktiwiteite wat nodig is om te verseker, dat besighede lewer√ goedere en dienste van konstante hoë standaard.√
- Verwys na tegnieke/instrumente wat gebruik word√ om die ontwerp/gehalte van produkte te verbeter.√
- Kan gebruik word vir verantwoordbaarheid√ binne elke besigheidsfunksie.√
- Is daarop gemik om te verseker dat die gehalte van goedere/dienste√ konsekwent is√/Fokus op die middele/maniere√ om eenvormigheid/konsekwentheid te verkry.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die betekenis van gehaltebestuur.

Maks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.5 **Totale gehaltebeheer**

3.5.1 **Gevolge van swak implementering van TGB deur IBV**

- Die werknemers van Ikhaya Baksteenvervaardiger is nie voldoende opgelei nie, wat die produksie van swak gehalte produkte tot gevolg het.√
- IBV ervaar 'n afname in verkope aangesien meer goedere deur ongelukkige klante teruggebring word.√

LET WEL:
1. Sien slegs die eerste TWEE (2) na.
2. Ken slegs punte toe vir antwoorde uit die scenario aangehaal.

(2 x 1) (2)

3.5.2 **Impak van TGB indien dit swak geïmplementeer word**

- Stel onrealistiese spertye wat nie bereik kan word nie.√√
- Afname in produktiwiteit, as gevolg van onderbrekings.√√
- IBV kan moontlik nie die nodige veranderinge aanbring om die behoeftes van die klante te bevredig nie.√√
- Die reputasie van die besigheid kan skade lei as gevolg van swak kwaliteit/foutiewe produkte.√√
- Klante sal baie alternatiewe hê om van te kies en die impak kan verwoestend vir besighede wees.√√
- Beleggers kan hul beleggings onttrek, indien daar 'n afname in winste is.√√
- Swak publisiteit as gevolg van swak gehalte produkte wat verskaf was.√√
- Hoë personeelomset as gevolg van swak vaardigheidsontwikkeling.√√
- Ongedokumenteerde/Ongekontroleerde gehaltebeheerstelsels/-prosesse kan lei tot foute in/afwykings van voorafbepaalde gehaltestandaarde.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die impak van TGB indien dit swak geïmplementeer word deur besighede/IBV.

LET WEL: Geen punte moet toegeken word vir antwoorde wat aangehaal was in VRAAG 3.5.1 nie.

Maks (4)

3.6 **Bydrae van die administrasiefunksie tot die sukses van die besigheid**

- Vinnige en betroubaredatavaslegging√ en prosesseringstelsels.√
- Maak betroubare inligting√ betyds beskikbaar aan bestuur.√
- Maak relevante inligting beskikbaar√ vir vinnige besluitneming.√
- Hanteer klagtes vinnig√ en effektief.√
- Gebruik moderne tegnologie√ doeltreffend.√
- Implementeer doeltreffende risiko bestuursbeleide√ om besigheidsverliese te minimaliseer.√
- Kwaliteitversekering/Kontrole/Evaluasie√ word akkuraat aangeteken.√
- Alle dokumentasie word netjies√ en ordelik in 'n veilige plek bewaar.√
- Maklik om inligting/dokumentasie te onthou√ en te vind.√
- Finansiële dokumente word op datum gehou√ en akkuraat opgeteken.√
- Alle stelsels en prosesse√ word gedokumenteer. √
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe die gehalte van prestasie van die administrasiefunksie tot die sukses van die besigheid kan bydra.

Maks (4)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

3.7 **Impak van voldoende finansiering en kapasiteit op groot besighede**
Positiewe/Voordele

- Groot ondernemings het genoegsame finansiering√ om alles te toets voor implementering.√
- Hulle kan bekostig om stelsels in plek te hê√ om foute in prosesse/defekte in grondstowwe/produkte te voorkom.√
- Kan produknavorsing/marknavorsers bekostig√ om inligting oor hul produkte/klante te versamel.√/Groot ondernemings kan programme√ wat gemik is op die verbetering van gehalteprosesse befonds. √
- Kan bekostig om kwaliteit grondstowwe√ en toerusting aan te koop.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van voldoende finansiering en kapasiteit as 'n TGB-element op groot besighede.

EN/OF

Negatiewe/Nadele

- As die vraag na ‘n besigheid se produk toeneem/begin bestellings vinniger inkom as wat verwag word√,/die besigheid het nie die nodige kapitaal om die produksie van voorraad te finansier om die bestellings te vul nie. √
- Hierdie vinnig groeiende besighede kan groot hoeveelhede kapitaal verbruik√ soos hulle probeer om normale bedrywighede en uitbreiding te balanseer.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van voldoende finansiering en kapasiteit as 'n TGB-element op groot besighede.

Maks (6)
[40]

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 3	PUNTE
3.1	4
3.2	6
3.3.1	6
3.3.2	4
3.4	4
3.5.1	2
3.5.2	4
3.6	4
3.7	6
TOTAAL	40

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 **Rol van SOOO's ('SETAs')**

- Ontwikkel sektor vaardigheidsplanne binne die raamwerk van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie.√√
- Stel vaardigheidsontwikkelingsplanne op vir hul spesifieke ekonomiese sektore.√√
- Keur werkplekvaardigheidsplanne en jaarlikse opleidingsverslae goed.√√
- Ken toelaes toe aan werkgewers, onderwys- en opleidingverskaffers.√√
- Heffings in te vorder soos uiteengesti in die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.√√
- Betaal toelaes uit aan maatskappye wat voldoen aan die vereistes van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling.√√
- Monitor/Evalueer die werklike opleiding deur diensverskaffers.√√
- Bevorder en vestig leerderskappe/leerprogramme.√√
- Registreer leerderskapooreenkomste/leerprogramme.√√
- Voorsien opleidingsmateriaal/-programme vir vaardigheidsontwikkelings-fasiliteerders.√√
- Voorsien akkreditasie vir vaardigheidsontwikkelingsfasiliteerders.√√
- Hou toesig oor opleiding in verskillende sektore van die Suid Afrikaanse ekonomie.√√
- Identifiseer gepaste werkplekke vir praktiese werksondervinding.√√
- Doen verslag aan die Direkteur-Generaal.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die rol van SOOO's/SETAs.

Max (4)

4.2 **Besigheidsektore en besigheidstrategieë**

4.2.1 **Besigheidsektore vanuit die scenario**

	BESIGHEID-SEKTORE	MOTIVERINGS
Carel Televisies (CT)	Sekondêre√√	Carel Televisies spesialiseer in die vervaardiging van slimtelevisiestelle.√
Thuli Verspreiders (TD)	Tersiêre√√	Hulle het 'n kontrak met Thuli Verspreiders (TD) geteken om hul produkte by klante af te lewer.√
	Submaks (4)	Submaks (2)

LET WEL:
1. **Ken punte toe vir die besigheidsektore selfs al is die aanhaling onvolledig.**
2. **Geen punte moet toegeken word vir die motiverings indien die besigheidsektore verkeerd geïdentifiseer was nie.**

Maks (6)

4.2.2 **Voordele van intensiewe strategieë**

- Verhoogde markaandeel√ verminder die besigheid se kwesbaarheid vir mededingers se optrede.√
- Verhoging in verkope/inkomste√ en winsgewendheid. √
- Verbeterde dienslewering√ mag die besigheid se beeld verbeter.√
- Besighede kan meer beheer hê√ oor die pryse van produkte/dienste.√
- Verkry klante se lojaliteit√ deur doeltreffende promosieveldtogte.√
- Vermindering in pryse√ kan klante beïnvloed om meer produkte te koop.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Gereelde verkope aan bestaande klante√ kan verhoog.√
- Skakel mededingers uit√ en domineer markpryse.√
- Stel die besigheid in staat om te fokus op markte/deeglik nagevorste gehalte produkte√ wat klante se behoeftes bevredig.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van intensiewe strategieë. **Maks (4)**

4.3 **Maniere waarop besighede ondernemings- en verskafferontwikkeling/OVO as 'n BBSEB-pilaar in die werkplek kan toepas**

- Besighede moet werk skep omdat OVO plaaslike vervaardiging aanmoedig.√√
- Dienste kan uitgekontrakteer word aan verskaffers wat aan BBSEB voldoen.√√
- Besighede word aangemoedig om KMMO's in swart besit te ondersteun/belê.√√
- Identifiseer verskaffers in swart besit wat in staat is om goedere en dienste te lewer.√√
- Bydraes kan finansieel wees, bv. lenings/beleggings/donasies.√√
- Bydraes kan nie-finansieel wees, bv. konsultasiedienste/advies/entrepreneurs-programme√√, ens.
- Ontwikkel besigheidsvaardighede van klein/swart verskaffers, bv. verkoops-tegnieke, regsadvies√√, ens.
- Ondersteun klein verskaffers se kontantvloei deur voorkeur-betaalterme aan hulle te bied.√√
- KMMO's kan aangemoedig word om hul eie besigheidsinisiatiewe te gebruik om hulself volhoubaar te maak.√√
- Ontwikkel en implementeer 'n verskafferontwikkelingsplan/verskafferskettting.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met maniere waarop besighede ondernemings- en verskafferontwikkeling/OVO as 'n BBSEB-pilaar in die werkplek kan toepas.

Maks (6)

BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.4 **Salarisvasstellingsmetodes**

- Stukwerk√
- Tydsverwante√

LET WEL: Sien slegs die eerste TWEE (2) na.

(2 x 1) (2)

4.5 **Onderhoud**

4.5.1 **Rol van die onderhoudvoerder voor die onderhoud vanuit die scenario**

- Sy het 'n stel vrae voorberei wat tydens die onderhoude gevra gaan word.√
- Suki het ook 'n geskikte lokaal vir die onderhoude bespreek. √

LET WEL:
1. **Sien slegs die eerste TWEE (2) na.**
2. **Ken slegs punte toe vir antwoorde uit die scenario aangehaal.**

(2 x 1) (2)

4.5.2 **Doel van 'n onderhoud as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit**

- Verkry inligting oor die sterk-√ en swakpunte van elke kandidaat.√
- Help die werkgewer om 'n ingeligte besluit√ te neem oor die mees geskikte kandidaat.√
- Vergelyk die inligting deur die aansoeker verskaf√ teen die posvereistes.√
- Skep 'n geleentheid waar inligting oor die besigheid√ en aansoeker uitgeruil kan word.√
- Om 'n kandidaat se geskiktheid√ vir 'n pos te bepaal.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Evalueer die vaardighede/persoonlike karaktereienskappe√ van die aansoeker.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou die doel van 'n onderhoud as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit.

Maks (6)

4.6 **Belangrikheid van gehalte sirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels**

- Los probleme op ten opsigte van kwaliteit√ en implementeer verbeterings.√
- Ondersoek probleme√ en stel oplossings aan bestuur voor.√
- Verseker dat daar geen duplisering√ van aktiwiteite/take in die werkplek is nie.√
- Maak voorstelle vir die verbetering van stelsels√ en prosesse in die werkplek.√
- Verbeter die gehalte van produkte/dienste/produktiwiteit√ deur gereelde hersiening van gehalteprosesse.√
- Monitor/Versterk strategieë√ sodat die besigheid se bedrywighede glad verloop.√
- Verhoog werknemers√ se moraal/motivering.√
- Gehaltesirkels bespreek maniere waarop die gehalte van werk/vakmanskap√ verbeter kan word.√
- Dra by tot die verbetering√ en ontwikkeling van die organisasie.√
- Verminder die oortolligheidkoste/verkwiste pogings√ op die lang termyn.√
- Verhoog die aanvraag√ vir die goedere/dienste van die besigheid.√
- Skep harmonie√ en hoë werkverrigting in die werkplek√.
- Bou 'n gesonde verhouding in die werkplek√ tussen die werkgewer en die werknemer.√
- Verbeter werknemerslojaliteit/toewyding√ tot die besigheidsdoelwitte.√
- Verbeter werknemerskommunikasie√ op alle vlakke van die besigheid.√
- Ontwikkel 'n positiewe houding/gevoel van betrokkenheid√ in besluitnemingsprossese van dienste aangebied.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou die belangrikheid van gehalte sirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels.

Maks (4)

4.7 **Voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel**

- Doeltreffende klantedienste word gelewer, wat lei tot verhoogde klantetevredendheid.√√
- Tyd en hulpbronne word doeltreffend benut.√√
- Produktiwiteit verhoog as gevolg van behoorlike tydsbestuur/gebruik van hoë gehalte hulpbronne.√√
- Produkte/Dienste word deurlopend verbeter, wat tot groter klantetevredenheid lei.√√
- Visie/Missie/Ondernemingsdoelwitte kan bereik word.√√
- Die besigheid kan 'n mededingende voordeel kry bo sy mededingers.√√
- Gereelde opleiding sal die gehalte van werknemers se vaardighede/kennis voortdurend verbeter.√√
- Werkgewers en werknemers sal 'n gesonde werksverhouding hê wat gelukkige/ produktiewe werkers tot gevolg het.√√
- Verhoogde markaandeel/meer kante verbeter winsgewendheid.√√
- Verbeterde ondernemingsbeeld, aangesien daar minder foutiewe produkte/ terugsendings is.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel.

Maks (6)
[40]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

UITEENSETTING VAN PUNTE

VRAAG 4	PUNTE
4.1	4
4.2.1	6
4.2.2	4
4.3	6
4.4	2
4.5.1	2
4.5.2	6
4.6	4
4.7	6
TOTAAL	40

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Sien slegs die EERSTE vraag na.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

5.1 **Inleiding**

- Besighede moet altyd strategieë ontwikkel omdat hulle in 'n dinamiese omgewing werk wat baie uitdagings oplewer.√
- Integrasiestrategieë stel besighede in staat om magsverhoudinge met hul verskaffers en verspeiders te vorm.√
- Besighede wat die mag van verskaffers kan identifiseer kan strategieë ontwikkel om hul verskaffers te hanteer.√
- Die Porter se Vyf Kragte-model stel besighede in staat om die mag van die mededingers/bedreiging van substitusie in hul guns te verander.√
- 'n Deurlopendde evaluering van besigheidstrategieë laat besighede toe om hul doelwitte te hersien en addisionele strategieë te ontwikkel.√
- Enige ander inleiding wat verband hou met die stappe in ontwikkeling van 'n strategie/integrasiestrategieë/ Porter se Vyf Kragte-model/stappe wanneer strategieë geëvalueer word.

Enige (2 x 1) (2)

5.2 **Stappe in die ontwikkeling van 'n strategie**

- Toepassing van SSGB ('SWOT')-analise/PESTWO ('PESTLE')/Porter se vyf Kragte/omgewingsverkenning van die besigheidsomgewings.√√
- Formuleer strategieë om doelwitte te bereik/Meetbare strategiese doelwitte/doelstellings te ontwikkel.√√
- Implementeer strategieë deur aksieplanne te gebruik. √√
- Evalueer strategieë/Vergelyk die verwagte prestasie met die werklike prestasie/Meet besigheidsprestasie om die redes vir afwykings te bepaal en om hierdie redes te analiseer, ens.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die stappe in die ontwikkeling van 'n strategie.

LET WEL: Aanvaar die stappe in enige volgorde.

Maks (8)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.3 **Soorte integrasiestrategieë**

Voorwaartse integrasie/Voorwaartse vertikale integrasie√√

- 'n Besigheid kombineer met of neem√ sy verspreiders/tussengangers oor.√
- Behels uitbreiding van besigheidsaktiwiteite√ om beheer oor die direkte verspreiding van die produkte te verkry.√
- Verhoog winsgewendheid√ omdat die verspreider/tussenganger uitgesluit word.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met voorwaartse integrasie/voorwaartse vertikale integrasie as 'n integrasiestrategie.

Strategie (2)
Bespreking (4)
Submaks (6)

Terugwaartse integrasie/Terugwaartse vertikale integrasie√√

- 'n Besigheid kombineer met of neem√ sy verskaffers oor.√
- Het ten doel om die besigheid se afhanklikheid van die verskaffer√ te verminder.√
- Stel besighede in staat om kostes te sny√ en om beheer oor die pryse/kwaliteit/kwantiteit van grondstowwe te hê.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met terugwaartse integrasie/terugwaartse vertikale integrasie as 'n integrasiestrategie.

Strategie (2)
Bespreking (4)
Submaks (6)

Horisontale integrasie√√

- 'n Besigheid neem beheer van/inkorporeer ander besighede√ in dieselfde bedryf/wat dieselfde goedere/dienste produseer/verkoop.√
- Die doel is om die bedreiging van mededinging/plaasvervangerprodukte/dienste te verminder.
- Verhoog die markaandeel/verkope√ en winste.√
- Geskik vir besighede wat in verskillende geografiese areas bedryf word√ deur gesamentlike onderneming/lisensiëring/franchising.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met horisontale integrasie as 'n integrasiestrategie.

Strategie (2)
Bespreking (4)
Submaks (6)

LET WEL: Sien slegs die eerste DRIE (3) na.

Maks (16)

5.4 **Toepassing van Porter se Vyf Kragte-model om die markomgewing te analiseer**

5.4.1 **Krag van verskaffers**

- Verskaffers wat produkte van goeie gehalte bied√ het beheer oor die besigheid.√
- Die krag van verskaffers√ om pryse te beïnvloed te assesseer/bepaal.√
- Hoe magtiger die verskaffers√, hoe minder beheer het die besigheid oor hulle.√
- Hoe minder die aantal verskaffers√, hoe sterker beheer het hulle omdat die keuse van verskaffers, beperk word.√
- Identifiseer die soort krag wat verskaffers het√ t.o.v die kwaliteit van produkte/dienste/betroubaarheid/vermoë om vinnige aflewerings te maak.√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe besighede die mag van verskaffers kan toepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer.

Submaks (4)

5.4.2 **Krag van mededingers/Mededingende wedywering**

- Mededingers wat dieselfde/soortgelyke produkte/dienste verkoop√ mag 'n groter impak op die mark van die besigheid hê.√
- As mededingers 'n unieke produk/diens verskaf√, sal hulle groter mag hê.√
- 'n Besigheid met baie mededingers in dieselfde mark√ het baie min mag in hul mark.√
- Sommige mededingers het die nodige hulpbronne om 'n prysoorlog te begin√ en voort te gaan om produkte teen verliese te verkoop totdat ander mededingers die mark verlaat.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe besighede die krag van mededingers/mededingende wedywering kan toepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer.

Submaks (4)

5.4.3 **Bedreiging van substitusie/plaasvervangers**

- Bepaal of die verkopers van substituut produkte√ hul produk verbeter het/laer gehalte goedere teen laer pryse verkoop.√
- As die besigheid se produk maklik vervang kan word√, verswak dit die mag van die besigheid in die mark.√
- Indien die besigheid unieke produkte verkoop√ sal dit nie deur plaasvervangingsprodukte bedreig word nie.√
- Evalueer of klante plaasvervangerprodukte/dienste gebruik√ en bepaal die redes vir die gebruik van plaasvervangerprodukte.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met hoe besighede die bedreiging van substitusie/plaasvervangers kan toepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer.

Submaks (4)

Maks (12)

5.5 **Stappe om strategieë te evalueer**

- Ondersoek die onderliggende basis van 'n besigheidstrategie.√√
- Kyk vorentoe en agtertoe in die implementeringsproses.√√
- Vergelyk die verwagte prestasie met die werklike prestasie.√√
- Meet die besigheid se prestasie om sodoende die redes vir afwykings te kan bepaal en te ontleed.√√
- Neem korrektiewe stappe sodat die afwykings reggestel kan word.√√
- Stel spesifieke datums op vir beheer en opvolging.√√
- Stel 'n tabel op van die voor- en nadele van 'n strategie.√√
- Besluit op die verlangde uitkoms.√√
- Oorweeg die impak van die strategiese implementering in die interne en eksterne omgewings van die besigheid.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die stappe wat besighede moet oorweeg wanneer hulle strategieë evalueer.

LET WEL: Aanvaar stappe in enige volgorde.

Maks (10)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

5.6 **Gevolgtrekking**

- Die ontwikkeling van 'n strategie stel besighede in staat om 'n kop voor hul mededingers te bly en verhoog verkope/winsgewendheid.√√
- Integrasie strategieë stel besighede in staat om beter produkte/dienste te lewer en die mark te domineer.√√
- Die implementering van integrasie strategieë laat besighede toe om die hoë koste van grondstowwe wat deur verspreiders bepaal word, te verminder.√√
- Die toepassing van die Porter se Vyf Kragte-model gee leiding aan besighede oor hoe om die mag van elke krag in die mark te analiseer.√√
- Strategie evaluering stel besighede in staat om uitdagings te hanteer deur die implementering van nuwe strategieë.√√
- Enige ander gevolgtrekking wat verband hou met die stappe in ontwikkeling van 'n strategie/integrasiestrategieë/Porter se Vyf Kragte-model/stappe wanneer strategieë geëvalueer word. **Enige (1 x 2) (2)**

[40]

VRAAG 5: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	**2**	**Maks 32**
Stappe in die ontwikkeling van 'n strategie	**8**	
Tipes integrasie-strategieë	**16**	
Toepassing van Porter se Vyf Kragte-model: ○ Krag van verskaffers ○ Krag van mededingers/Mededingende wedywering ○ Bedreiging van substitusie/Plaasvervangers	**12**	
Stappe in evaluering van 'n strategie	**10**	
Gevolgtrekking	**2**	
INSIG		**8**
Struktuur/Uitleg	**2**	
Analise/Interpretasie	**2**	
Sintese	**2**	
Oorspronklikheid/Voorbeelde	**2**	
TOTALE PUNTE		**40**

SASO – vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)

6.1 **Inleiding**

- Gehaltebeheer stel besighede in staat om die produkte met afwykings te verminder en 'n beter opbrengs op belegging op te lewer of hul beeld te verbeter.√
- Gehalteversekering laat besighede toe om produkafwykings op 'n vroeë stadium te identifiseer.√
- Die aankoopfunksie moet die korrekte prosedure volg met die verkryging en hantering van voorrade.√
- Die bemarkingsfunksie moet deurgaande navorsing doen om huidige behoeftes/neigings van verbruikers te identifiseer.√
- Die doel van totale gehaltebeheer is om die behoeftes van verbruikers bo hul verwagtinge te bevredig.√
- Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels vereis dat besighede innoverend in hul benadering moet wees.√
- Die doetreffende implementering van TGB kan besighede ʼn mededingende voordeel oor ander besighede gee.√
- Enige ander relevante inleiding wat verband hou met gehaltebeheer/gehalteversekering/gehalteaanwysers vir die aankoop-/bemarkingsfunksie/impak van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels/maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder.

Enige (2 x 1) (2)

6.2 **Verskille tussen gehaltebeheer en gehalteversekering**

GEHALTEBEHEER	GEHALTEVERSEKERING
- Inspeksie van die finale produk wat verseker dat dit aan die vereiste standaarde voldoen√√	- Inspeksie wat gedurende en na afloop van die produksieproses uitgevoer word.√√
- Sluit die opstel van teikens in/meting van prestasie en die neem van korrektiewe maatreëls.√√	- Verseker dat die vereiste standaarde tydens elke fase van die proses behaal word.√√
- Kontrolering van grondstowwe/ werknemers/masjinerie/ vakmanskap/produkte om te verseker dat hoë standaarde gehandhaaf word.√√	- Verseker dat elke proses daarop gemik is om die produk die eerste keer reg te kry/voorkom dat foute/ afwykings/vertragings/tekortkominge weer gebeur.√√
	- Eerder die 'inbou' van gehalte in plaas van 'kontrolering vir' gehalte. √√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehaltebeheer.	- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met gehalteversekering.
Submaks (4)	Submaks (4)

LET WEL:
1. **Die antwoord hoef nie in tabelformaat te wees nie.**
2. **Die verskille hoef nie verbind te wees nie, maar moet duidelik wees**
3. **Ken 'n maksimum van VIER (4) punte toe indien die verskille nie duidelik is nie/Sien slegs gehaltebeheer of gehalteversekering na.**

Maks (8)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

6.3 **Gehalteaanwysers van besigheidsfunksies**
Gehalteaanwysers van die aankoopfunksies

- Besighede moet grondstowwe/produkte in groot hoeveelhede√ teen laer pryse aankoop.√
- Kies betroubare verskaffers wat die beste gehalte grondstowwe/ kapitaalgoedere√ teen bekostigbare pryse verskaf.√
- Plaas bestellings betyds en volg bestellings gereeld op√ om te verseker dat goedere betyds afgelewer word.√
- Doeltreffende koördinering tussen aankope- en produksiedepartemente√ sodat die aankooppersoneel die vereistes van die produksieproses verstaan.√
- Verlangde hoeveelhede moet op die regte tyd en plek√ afgelewer word.√
- Implementeer/Hou voorraadbeheerstelsels in stand√ om die veiligheid van die voorraad te verseker.√
- Handhaaf optimale voorraadvlakke√ om te veel/verouderde voorraad te vermy/verminder.√
- Moniteer en rapporteer oor minimum voorraadvlakke√ om voorraadtekorte te vermy.√
- Doeltreffende gebruik van bergingsgeriewe√ en handhawing van die produkgehalte terwyl dit opgeberg word.√
- Betrek verskaffers√ by strategiese beplanning/produkontwerp/materiaalkeuses/ gehaltebeheerprosesse.√
- Verseker dat daar geen onderbreking in produksie√ as gevolg van voorraadtekorte is nie.√
- Bewerkstellig verhoudings met verskaffers√ sodat hulle in lyn kan wees met die besigheid se visie/missie/waardes.√
- Deeglike begrip√ van die bestuur van die verskaffingsketting.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die gehalteaanwyser van die aankoopfunksie. Submaks (8)

6.3.2 **Gehalteaanwysers van die bemarkingsfunksie**

- Wen klante deur hul behoeftes/begeertes te bevredig√ en positiewe verhoudings op te bou.√
- Voldoen aan etiese reklamepraktyke√ wanneer produkte/dienste bemark word.√
- Identifiseer mededingende voordeel√ om te fokus/verbeter op sterkpunte van bemarking.√
- Onderskei produkte√ om meer verbruikers te lok.√
- Waardekwesies√ voortdurend te hersieni. √
- Doeltreffend kommunikasie met klante√ om terugvoering te kry oor hul ervaring van verkoopte produkte/gelewerde dienste.√
- Koordineer verspreiding√ met produksie- en bemarkingstrategieë.√
- Gebruik prystegnieke√ om mededingende voordeel te verseker.√
- Bepaal die gaping tussen klante se verwagtinge en hul werklike ervarings√, sodat probleme/ongelukkigheid uitgelig en aangespreek kan word.√
- Maak aanpassings/veranderinge aan produkte/dienste√ gebaseer op die terugvoering van klante/resultate van marknavorsing.√
- Gebruik aggressiewe bemarkingsveldtogte√ om die markaandeel te behou/ verhoog.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die gehalteaanwyser van die bemarkingsfunksie. Submaks (8)

Maks (16)

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

6.4 **Impak van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels as 'n element van TGB op groot besighede**

Positiewe/Voordele

- Groot besighede het meer hulpbronne√ om gehalteprestasie in elke eenheid/departement/besigheidsfunksie na te gaan.√
- Genoeg kapitaalbronne is beskikbaar vir nuwe toerusting√ benodig vir prosesse en stelsels.√
- Groot besighede het 'n persoon wat toegewyd is√ aan die verbetering van stelsels en prosesse.√
- Bereid om risiko te neem op/nuwe stelsels en prosesse uit te toets√ omdat hulle die impak van finansiële verlies kan absorbeer.√
- Hulle kan dit bekostig om die dienste van gehaltesirkels te gebruik√, om mededingend te bly.√
- Groot besighede gebruik die BDKH model√ om voortdurend te beplan/doen/kontroleer/handel op nuwe/hersiende prosesse en stelsels.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die positiewe impak/voordele van die deurlopende verbetering van prosesse en stelsels as 'n TGB-element op groot besighede.

EN/OF

Negatiewe/Nadele

- Grootskaal vervaardiging√ kan gehaltebeheer bemoeilik.√
- Dit neem tyd en inspanning om stelsels en prosesse in groot besighede te implementeer,√ want kommunikasie/inkoop/wantoue kan die implementeringsproses vertraag.√
- Die risiko te loop om dele van die besigheid,√ wat eintlik goed werk, te verander. √
- Nie alle negatiewe terugvoering van werknemers en klante gaan akkuraat wees nie,√ wat tot verkeerde/onnodige veranderings aan proseese en stelsels kan lei.√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die negatiewe impak/nadele van die deurlopende verbetering van stelsels en prosesse op as ‘n TGB-element op groot besighede.

Maks (12)

6.5 **Maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder**

- Stel gehaltesirkels in plek om maniere te bespreek om die gehalte van werk/vakmanskap te verbeter√√
- Skeduleer aktiwiteite om duplisering van take/aktiwiteite uit te skakel.√√
- Verdeel verantwoordelikheid vir gehalte-uitsette tussen bestuur en werknemers.√√
- Lei werknemers op alle vlakke op sodat almal hulle rolle in gehaltebestuur verstaan.√√
- Ontwikkel werkstelsels wat werknemers bemagtig om nuwe maniere vir gehalte-verbetering te vind.√√
- Werk baie nou saam met verskaffers om die gehalte van grondstowwe/insette te verbeter.√√
- Verbeter kommunikasie rondom gehalte uitdagings/afwykings, sodat elkeen uit ondervinding kan leer.√√
- Verminder belegging op duur, maar ondoeltreffende inspeksieprosedures in die produksieproses.√√

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

- Implementeer pro-aktiewe onderhoudsprogramme vir toerusting/masjinerie om onderbrekings te verminder/uit te skakel.√√
- Enige ander relevante antwoord wat verband hou met die maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder.

Maks (10)

6.6 **Gevolgtrekking**

- Besighede implementeer gehaltebeheer en gehalteversekering in hul strewe tot geen foutiewe produkte en volhoudbaarheid.√√
- Die gehalte van grondstowwe/produkte wat gekoop word kan die gehalte van prestasie van ander departemente beïnvloed.√√
- Die bemarkingsdepartement moet hul navorsingsbevindinge aan alle departemente kommunikeer sodat klante-tevredendheid ’n gesamentlike poging word.√√
- Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels laat besighede toe om gehalte produkte te vervaardig wat die klante se behoeftes sal bevredig.√√
- Die vermindering van die koste van gehalte laat besighede toe om pryse van produkte te verlaag wat sal lei tot ’n verhooging in winsgewendheid/ markaandeel.√√
- Enige ander relevante gevolgtrekking wat verband hou met gehaltebeheer/gehalteversekering/gehalteaanwysers van aankoop-/bemarkingsfunksie/impak van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels/maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder.

Enige (1 x 2) (2)
[40]

VRAAG 6: UITEENSETTING VAN PUNTETOEKENNING

BESONDERHEDE	MAKSIMUM	TOTAAL
Inleiding	**2**	**Maks 32**
Verskille tussen gehaltebeheer en gehalteversekering	**8**	
Gehalteaanwysers van die besigheidsfunksies: ○ Aankope ○ Bemarking	**16**	
Impak van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels as 'n element van TGB op groot besighede	**12**	
Maniere waarop TGB die koste van gehalte kan verminder	**10**	
Gevolgtrekking	**2**	
INSIG		**8**
Struktuur/Uitleg	**2**	
Analise/Interpretasie	**2**	
Sintese	**2**	
Oorspronklikheid/Voorbeelde	**2**	
TOTALE PUNTE		**40**

SASO – vir elke komponent:
Gee 2 punte indien aan al die vereistes voldoen is.
Gee 1 punt indien aan sommige vereistes voldoen is.
Gee 0 punte waar glad nie aan vereistes voldoen is nie.

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou